LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 10 / 2017
28 MAART 2017

Geagte ouers en personeel,

"*Dont prepare the path for your child but prepare your child for the path"*.

Hierdie slagspreuk het ek raakgeloop by 'n ander skool tydens 'n hoofdevergadering.

Dankie vir ouers en personeel wat ons pragtige kinders gereed kry vir die toekoms en nie probeer om die toekoms gereed te kry vir ons kinders nie. Iemand slim het ook gesê dat ons bekommerd moet wees oor die klein dingetjies in die lewe dan sal die groot goed vanself kom.

PERSONALIA

THYS DE VILLIERS

Ons kondig graag aan dat mnr. Thys de Villiers aangestel is as die Afdelingshoof:Sport by die Laerskool.

Thys het al 13 jaar onderwyservaring en het al pragtige prestasies bereik op akademiese en sportgebied. Hy begin amptelik die 2 de Mei, maar gaan al voor die tyd betrokke raak by afrigting van die eerste rugbyspan en 'n vergadering met die sportorganiseerders.

Ons het volle vertoue dat ons skoolgemeenskap vir Thys baie welkom sal laat voel.

AKADEMIE

ASSESSERING

Die assessering vir termyn 1 kom hierdie week tot 'n einde sodat punte verwerk kan word vir rapporte. Enige werk wat nou gedoen word kan in aanmerking geneem word vir assessering tydens die tweede termyn.

ATKV SPELATHON

Baie geluk aan die volgende leerders wat ons skool by die kompetisie gaan verteenwoordig:

GRAAD 6

- Anrike Moerdijk
- Julia Snyman

GRAAD 7

- Cara van der Merwe
- Tanzine Vlok

Baie sterkte aan elkeen van julle.

DIE SKRYWER KARLA SCHUTTE

Sien aangehegte brief aan hierdie nuusbrief.

SPORT

SA ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

Ons is baie trots op Clarissa le Roux wat de afgelope naweek aan die SA Kampioenskappe deelgeneem het.

Sy het ‘n derde plek verower in die gewigstoot dogters 0/13.

Baie geluk Clarissa, dit is ‘n besondere prestasie!

SKAAKUITSLAE VS. TRINITY

Juniors:	Trinity (9)	Leeuwenhof Akademie (11)
Seniors:	Trinity(18)	Leeuwenhof Akademie (2)

RUGBY- EN NETBAL UITSLAE VS. FONTAINEBLEAU

NETBAL:

Ons netbal het pragtig presteer teen ‘n A-liga skool. Dit is duidelik dat die kamp, harde werk van afrigters en spelers en positiewe ondersteuning van ouers begin vrugte afwerp.

Span	Leeuwenhof	Fontainebleau
0/10 A	17	0
0/10 B	18	1
0/11 A	18	5
0/11 B	11	11
0/12 A	18	23
0/12 B	12	8
0/13 A	Nie gespeel	
0/13 B	6	31

RUGBY:

Span	Leeuwenhof	Fontainebleau
0/9	14	12
0/10	12	29
0/11	17	14
2 des	5	24
1 stes	10	54

GEDRAG LANGS SPORTVELD

Ons is bevoorreg om pragtige afrigters en ouers in ons skool te hê. Dit is vir my baie belangrik dat afrigters en ouers geen negatiewe opmerkings sal maak teenoor skeidsregters wat wedstryde hanteer nie en so die beeld sal uitdra van personeel en ouers wat betrokke is by ‘n privaatskool.

Ons as afrigters het ‘n oopdeurbeleid rondom die kies van spanne, afrigtingstegnieke en spelpatrone. Ek het volle vertroue in ons personeel wat betrokke is by ons netbal – en rugbyspanne dat elkeen net die beste vir ons leerders, hul spanne en die skool wil gee.

Ons verwelkom dit wanneer ouers navrae doen oor sekere aspekte op die volgende maniere:

- Tree in gesprek met afrigter. Gewoonlik nie direk na ‘n wedstryd nie omdat die emosies gewoonlik hoog loop
- Stuur ‘n e-pos om ‘n saak te bespreek
- Stuur ‘n persoonlike Whatsapp aan afrigter en nie op die span se groep nie.

Ons sien baie daarna uit om saam met ons leerders en ouers die seisoen reg aan te pak.

AANDREEKS VIR NETBAL 0/13 A

Gisteraand het die finale wedstryde van die netbalaandreeks plaasgevind. Die aand het op 'n spanningsvolle noot afgesluit toe ons eie 1ste span teen Laerskool President Steyn te staan gekom het, nadat hierdie twee spanne die hoogste doeltelling deur die toernooi behaal het. Na twee moordende helftes eindig hul gelykop en moes die wedstryd deur 'n "sudden death" beklink word. Getrou aan die Leeuwenhoffers se aard is die juis hier waar ons 1ste span gewys het hulle het senuwees van staal en mannemoed. Hulle teken toe eerste 'n doel aan en wen so die goue medaljes en trofee

vir 2017. Ons is baie trots op me Helena Pretorius en haar span. Mag hul van krag tot krag gaan deur die netbalseisoen.

KAPTEINSAAND

Hierdie gesamentlike funksie tussen die Hoër –en Laerskool het verlede week plaasgevind. Baie dankie aan al ons kapteins en kapteine en hul ouers wat die aand bygewoon het. Ons leerders het pragtig en netjies vertoon tydens die funksie. Mnr. Bezuidenhout het die gehoor toegespreek rondom die rol van die afrigter, die kaptein en die kaptein se ouers. Baie geluk aan mnr. Jacobs, met die aanbieding van hierdie geleentheid.

KULTUUR

SENIORKOOR

Leeuwenhof se Seniorkoor is baie opgewonde oor ons voornemende optrede by TV se "Sing in Harmonie" kompetisie. Op Vrydag 5 Mei, om 08:00 die oggend, kom die TV span na die laerskool waar onderhoude met mnr. Uys, Anton Pottas ons afrigter, en lede van die koor gevoer sal word. Die hele koor gaan in die agtergrond oefen tydens die opnames. Op 8 Mei neem ons deel aan die uitdun-opnames by die Silver Star Casino in Krugersdorp. Die tye hiervoor sal later deurgegee word d.m.v. 'n brief aan alle koorouers. Daar is nie meer baie tyd oor om afrondingswerk te doen aan ons liedjies nie en ons vra dat koorlede getrou oefeninge sal bywoon.

KUNSWEDSTRYDE – PRYSUITDELINGSBELEID: GRAAD 1 - 7

Ouers moet asseblief let op die volgende verandering aan die Beleid:

- Itemwenner toekenning:
  'n Leerder moet 3 items wen op 'n Kunswedstryd om in aanmerking te kom vir die toekenning.

  Dit kan by een kunswedstryd wees of by verskillende kunswedstryde

KASKARDAGWENNERS

Ons wil graag ons ouers, personeel en leerders bedank wat weereens pragtig ondersteun en bygedra het tot ons Kaskarprojek. Ons het groot waardering daarvoor.

Hier volg die onderskeie wenners:
Leerders:

1 Zander Faurie – gr. 7
2 Killian van Jaarsveld – gr. 5
3 Delsin Kraft – gr. 6
4 Jennah Jacobs – gr. 1
5 Megan Lategan – gr 4

Klaswenners:

- Grondslagfase: Gr. 1.1 van me. Amanda Uys
- Seniorfase: Gr. 5.3 van me. Anlie van Zijl
- Spesiale vermelding aan die gr. 7.2 klas van me. Elize Language wat met ‘n kort koppie tweede was by die Seniorfase.

JACODAG EN “TEKKIE TAX”

Baie dankie aan personeel en leerders wat hierdie projek so pragtig ondersteun het.

CLICK 2 CHOW

Ons herinner ouers aan die kompetisie hieraan verbonde. Die eerste 100 bestellings deur Click 2 Chow kom in aanmerking vir ‘n R500 kontantprys. Hoe meer ons ouers bestel hoe groter is die kans dat u kind dalk met R500 kan wegstap.

INDIVIDUELE –EN KLASFOTO’S

Eerskomende Vrydag, 31 Maart word die Individuele –en klasfotos geneem

TOERE: GRAAD 5 EN 7

Indien daar nog toestemmingskeurstrokies is moet dit dringend by me C Bosman ingehandig word kontak haar gerus by charmaineb@leeuwenhof.co.za

SPOGHOEKIE

Baie geluk aan die Hoërskool met hulle pragtige uitslae gedurende PUK 16.

PUK 16: SEMI-FINALE UITSLAE:

NETBAL

- O/14 wen 21 – 8 Speel uit vir die 5 / 6 plek in Finaal
- O/15 wen 22 – 15 Speel uit vir die 1 / 2 plek in Finaal
- O/16 wen 23 – 13 Speel uit vir die 1 / 2 plek in Finaal
- 2 des wen 6 – 15 Speel uit vir die 5 / 6 plek in Finaal
- 1stes wen 28 – 24 Speel uit vir die 1 / 2 plek in Finaal

HOKKIE

- O/14 Dogters verloor 0 – 3 Speel uit vir die 11 / 12 plek in Finaal
- O/15 Dogters verloor 0 – 4 Speel vriendskaplik in PUK Finaal
- O/16 Dogters verloor 1 – 4 Speel uit vir die 7 / 8 plek in Finaal
- 1stes Dogters wen 4 – 1 Speel uit vir die 13 / 14 plek in Finaal

RUGBY

- O/14 wen 36 – 17 Speel uit vir die 1 / 2 plek in Finaal
- O/15 wen 27 – 21 Speel uit vir die 1 / 2 plek in Finaal
- O/16 wen 32 – 11 Speel uit vir die 5 / 6 plek in Finaal
- 1stes verloor 32 – 38 Speel uit vir die 9 / 10 plek in Finaal

BUITESKOOL PRESTASIES

Graad	Naam van leerder	Prestasie
7	Dane Krouwkamp	• Sy is gekies vir die 0/13 Southern Gauteng Action Netball team. Baie geluk!

7	Cezanne Brits 	• Sy is gekies vir die o/13 Southern Gauteng Action Netball team. Baie geluk!
2	Sienna Schutte 	• Sy verwerf 78% vir Afrikaanse redenaars by Conspirito • Sy verower 1 ste plek uit 20 meisietjies by Dance World Cup gehou by Lewende Woord Centurion in die "Mini Jazz and Showdance Section" (5/6/7 jariges) Baie geluk!
3	Scarlett Schutte 	• Sy verwerf 92% vir Afrikaanse redenaars by Conspirito • Scarlett Schutte Dance World Cup (8 & 9jariges) resultate 7de plek (uit 48 ballerinas) in die seksie "Mini Classical Ballet 9/U" • 3de plek (uit 38 lyrical dansers) in die seksie "Mini Modern and Contemporary section 9/U" • 4de plek vir duet in "mini Modern and Jazz Trios and Duets 9/U" • 1ste plek vir hulle groep "Our Earth". Hierdie groep wen ook "Best Overall Group 13 & Under" en kwalifiseer om in die Dance World Cup finaal deel te neem in Offenburg,

		Duitsland in Junie. • 6 de plek uit weereens 40 jazz dansers in die seksie "Mini Jazz and Showdance section 9/U" Baie geluk!
3	Noah Collier 	• Hy verwerf eerste plek tydens Ekurhuleni Open skaak toernooi aangebied by HTS Springs. Baie geluk!

BELANGRIKE DATUMS

29 Maart	Rugby en netbal vs L/s Baanbreker Rugby: 0/9 tot 0/13 Netbal: 0/9 tot 0/13
31 Maart	Algemene kennis Individuele –en klasfoto's
1 April	Rugby en netbal teen Cornwall Hill Rugby: 0/9 tot 0/13 Netbal: 0/10 tot 0/13
3 April	Pet –en klere oorhandiging vir 1 ste rugby -en netbalspanne
4 April	Akademiese ondersteuning 07:30
5 April	Die skrywer Karla Schutte besoek ons skool Rapporte aan leerders
6 April	WIJ
8 April	Rugby vs Jan Celliers: Jan Celliers het onttrek
10 April	Oueraande
11 April	Oueraande

12 April	Skool sluit 12:00 – Busse vertrek 12:15
18 April	1 ste rugby –en netbalspanne vertrek op toer na Limpopo tot 22 April
19 April	ATKV redenaars tot 21 April
2 Mei	Oefening vir 0/9 tot 1 ste rugby –en netbalspanne 14:00 tot 16:30
3 Mei	Skool begin 08:00

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL